SUGGESTED ANSWERS FOR VERSJOERNAAL ACTIVTIES MY SIEL, PA

NON PROFITABLE PUBLICATION

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/

My siel, Pa

1. Hy neem ekstra vakke op skool.
   Hy presteer akademies baie goed.
   Hy behaal eerste plekke in atletiek.
   Hy speel al twee jaar rugby vir die S.A.-skolespan.
   Hy speel vir die Cravenweek.
2. a) Speel al twee jaar S.A.-skolespan en Cravenweek.
   b) Behaal eerste plekke.
   c) Moontlik 'n redenaar – “rostrum”

3. Hy vra sy pa hoeveel meer eerste plekke en rekords hy moet behaal voor sy pa tevrede sal wees.

4. Om sy desperaatheid te beklemtoon – hy wil iets van sy eie identiteit behou.

5. In sy pa se oë is hy 'n “turksvy-kind” – sy pa sien hom moontlik as 'n probleemkind, die een wat nie wil doen wat hy verwag nie. Die seun kan homself ook moontlik sien as die turksvy-kind – dit is vir hom 'n probleem om aan sy pa se verwagtinge te voldoen.

6. Hy het sy pa se Cravenweek geëwenaar – hy speel dus al dieselfde aantal jare vir dié span as wat sy pa gedoen het.

7. As gevolg van sy pa se verwagtinge is die seun feitlik 'n replika van sy pa. Hy doen alles wat sy pa gedoen het. Dit is egter nie 'n vreugde vir die seun nie – dit vou om hom soos 'n “donker kleed”. Donker kleed het hier 'n negatiewe verwysing. Dit is ook ironies dat sy pa, alhoewel hy net so goed soos hy presteer, nie tevrede met sy seun se prestasies is nie. Dit impliseer dus dat sy pa ook nooit tevrede met sy eie prestasies was nie.

8. a) Waar. Die pa is nooit tevrede met dít wat die seun bereik nie.
   b) Onwaar. Hy neem ekstra vakke en presteer goed, daarom kan hy vra of sy pa verwag dat hy die dux-leerling moet wees.
   c) Waar. Hy behaal baie eerste plekke en stel nuwe rekords op.
   d) Waar. Cravenweek en S.A.-skolespan het te doen met rugby, so ook lynstane.
   e) Onwaar. Die seun het sy pa se Cravenweek geëwenaar – die pa het dus

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/

ook goed rugby gespeel.

9. Bitter. Hy het nie 'n eie identiteit nie. Hy doen alles wat sy pa gedoen het. Sy pa stel die voorbeeld en hy volg net.

10. a) Dit is vir die seun 'n saak van lewe en dood. Dit is 'n bedreiging wat oor sy kop hang.
b) Hoeveel keer moet hy nog optree as redenaar, of hoeveel keer moet hy nog eerste plekke behaal?
c) Dit is nie lekker of aangenaam vir die seun nie.
d) Die seun vra slegs 'n klein stukkie van sy siel terug. Dit impliseer dat hy nie sy pa se eise as totaal onredelik beskou nie. Hy is tog bereid om te doen wat sy pa van hom verwag.

11. 'n Seun. Hy spreek sy pa aan. Hy vertel van sy rugbyprestasies.

12. Die volgende inligting word verwag:
ongelukkig teenoor Pa
prestasies/ewebeeld van pa – dieselfde prestasies
nooit tevrede nie/beskou hom as 'n turksvy-kind
baie prestasies
motivering

13. Leerders se antwoorde

The Tuition Club
Resource printed from: http://www.nb.co.za/product/woonstelbewoner--versjoernaal--bl-----/6426/